***Waarom die Meester juis na die aarde gekom het. Die nuwe openbaring in hierdie tyd***

**216** Toe **Philopold** by My kom, sê hy: "Meester, ek het ontsettend grof teen U gesondig; maar dit was slegs die skuld van my groot blindheid! Maar nou, noudat U, o Meester, my op `n werklik wonderbaarlike manier siende gemaak het en nou dat ek U herken vir wie U is, vra ek U ter wille van U ewige liefde en wysheid of U my arme, blinde sondaar al my foute wil vergewe wat ek nou teen U en daardeur ook teen my naaste begaan het, soos wat U my dit al voorheen presies duidelik gemaak het. As ek U heilige woorde sou opgeskrywe het - by al die hemele, dan sou daar niks van, heeltemal niks onvervuld gebly het nie! Maar ek glo dat ek wel nou weet wat U verlang en ek sal dit woordeliks nakom! U het vir ons almal die skuld aan Kisjonah vereffen en U het, sonder dat U daar iets voor vra, al ons siekes uiters wonderbaarlik genees, en U het dit alles gedoen sonder om ook maar iets vooraf te vra, en daarom hoop ek nou dat U `n sondaar wat U `n guns vra, nie sal afwys nie!"

[2] **Ek** sê: "Ek sê vir jou: jy is aangeneem! **Want wie kom, word aangeneem.** Maar gaan eers huis toe en kry jou sake soos deur My aangegewe, in orde; kom daarna terug en volg My; want jy mag nie aan die wêreld gebonde wees nie, omdat jy nie van benede af in die wêreld gekom het nie, **maar van bo af uit `n ander wêreld!**

[3] Want onder diegene wat jy hier sien, is daar ook `n paar van jou wêreld af, en ander van `n ander sonnestelsel, en maar weinig van hierdie wêreld; en dié weiniges het nie veel betekenis nie, want hulle vind die wêreld nog altyd belangriker as vir My. **Daarom is hulle ook maar tot weinig of niks in staat nie.**

[4] Ek het egter juis hierdie aarde uitgekies omdat haar kinders **die laaste en laagste is** van die hele oneindigheid; daarom het Ek die kleed van diepste nederigheid aangetrek om dit vir al die skepsels in My eindelose skepping moontlik te maak om na My toe te kom; van die allerlaagste planeetbewoners af, tot en met die allerhoogste bewoners van die oorspronklike sonne van die sentrum, moet iedereen op een en dieselfde wyse na My toe kan kom.

[5] Jy moet jou daarom nie daaroor verwonder nie dat jy My aantref op hierdie planeet wat die onvolmaakste en laaste planeet van die hele skepping is! Want dit is My eie wil; en wie kan aan My voorskryf dat Ek dit anders moet doen?!"

[6] **Philopold** sê daarop: "Meester, wie sal U raad wil of kan gee as hy glo, weet en erken dat U die Meester van ewigheid af is?! Maar ek gaan nou om U gewyde wil dadelik uit te voer."

[7] Na die woorde haas Philopold homself saam met die hele gemeentebestuur huis toe; en terwyl daar ook verskeie Judeërs saamgaan om te sien wat die Grieke vir hulle sal doen, gee Ek aan die geneesdes onderrig hoe hulle hulleself in die vervolg moet gedra om nie weer in hulle ou kwaal te verval nie.

[8] Hulle neem die les almal dankbaar aan en dank My ook uit die diepste van hulle harte vir die buitengewone goedheid wat hulle ondervind het.

[9] Daarop verbied Ek hulle egter om oor alles wat hulle hier gehoor en gesien het met vreemdes te praat, waardeur Ek voortydig verraai sou word en sê aan hulle dat, as hulle hulleself nie daaraan hou nie, dit met hulle sleg sal gaan! Maar hulle belowe My almal dat niemand buite hierdie plek daar iets van sal hoor nie!

[10] Ek laat hulle dan gaan en sê ook aan die leerlinge om buite Kis met niemand daaroor te praat nie; en op die vraag van Matthéüs of hy die gebeurtenis sal opskrywe, sê **Ek: "**Nee! Want julle as My naaste getuies is wel hiervoor opgewasse en kan dit ook begryp; maar as alles wat Ek vir julle doen en sê in baie boeke beskryf sou word, dan sou die wêreld die boeke nie net nie begryp nie, maar hulself ook nog oormatig daaroor vererg en dan sou mense julle nog erger as al die kadawers op die aarde verguis! Daarom moet jy, Matthéüs, niks opskrywe nie, behalwe dít wat Ek uitdruklik aan jou sê!"

[11] **Johannes** sê nou: "Maar Meester, my suiwerste liefde! Dit is natuurlik alles goed en wel op dié manier; maar as die wêreld op `n gegewe oomblik onvolledige oorspronklike dokumente oor U aanwesigheid hier en U dade op die wêreld kry, dan sal hulle uiteindelik nie anders kan as om aan U, U bestaan en U werk te begin twyfel en die brokstukke aan te sien vir werk wat in die eiebelang van die priesterdom geskrywe is nie!"

[12] **Ek** sê: "Dit is nou juis wat Ek wil bereik vir die eintlike wêreld, wat `n woning van die satan is; want of jy `n vark nou graankorrels of die edelste pêrels gee, hy sal met die pêrels presies dieselfde doen as met die graankorrels.

[13] Daarom is dit beter dat dit alles baie versluier aan die wêreld gegee word; dan kan hy homself besig hou met die omhulsel, terwyl die lewenskern tog nie beskadig word nie.

[14] As dit egter ooit nodig is, **dan sal Ek opnuut mense laat opstaan wat Ek alles sal laat weet wat hier gebeur het, en wat die wêreld te wagte staan vanweë haar onverbeterlike slegtigheid.**

[15] Maar hoe dit alles sal gebeur, dit sal Ek aan jou, broer Johannes, nadat Ek weer in My hemele gaan woon het maar jy nog in hierdie wêreld is, **in versluierde beelde openbaar.**

[16] Daar kom die Griekse en Judese gemeente-bestuurslede egter uit die plek uit weer terug; ons sal sien hoe hulle My vereistes nagekom het!"

### *Die satan kan net op die ontvanklikheid van die siel inwerk, maar nie op haar wil nie*

**217** **Philopold** kom met enkele Grieke na My toe en sê: "Meester, ons het aan U vereistes voldoen vir sover dit in die korte tydsbestek moontlik was; maar die kleinere besonderhede wat nog nodig is, sal nie vergeet word nie. Met my huis en met my familie is dit in soverre in orde dat ek ongehinderd een, twee of drie jaar met U mee kan gaan, solank ek maar so nou en dan aan my familie laat weet waar ek is en wat U doen. Want almal in my huis glo nou in U en hoop op U Naam. As U daartoe instem, o Meester, wil U my dan asseblief so sê; het U egter nog wense, gee U dit ons dan ook te kenne!"

[2] **Ek** antwoord: "Vir eers het julle alles gedoen wat regverdig is vir Elohim en vir al die mense wat reg voel en dink; maar pasop daarvoor dat die satan julle nie deur allerlei valstrikke mislei en dat julle daardeur later in allerlei twiste en rusies verval nie, waardeur daar dan maklik `n toestand kan ontstaan wat nog veel erger sou wees as dié waaruit Ek julle nou bevry het!

[3] Want die bose gees rus nooit nie, nie oordag nie en ook nie snags nie, hy loop rond soos `n hongerige leeu en sy rasende honger maak dat hy alles aanval wat waar ookal enigsins binne sy bereik kom.

[4] As hy sigbaar sou wees, dan sou sommige dapperes die stryd met hom aanknoop, - maar dan sou ook nog verskeie mense die onderspit delf net soos nou terwyl hy onsigbaar is; want hy kan sy gestalte so verander dat hy so mooi is soos `n skitterende engel, of tot die gruwelikste vorm van `n vuurspuwende draak. Wie sou dit waag om hom in daardie vorm aan te val? Want hy sou deur sy skoonheid of deur sy afskuwelikheid enigeen en almal laat verstyf van skrik, oorwinnaar oor duisendmaal duisende word; maar omdat hy homself aan niemand kan en mag vertoon nie, en elke mens sy slegte influisteringe maklik herken, omdat dit die siel altyd **hardvogtig, onkuis, owerspelig, selfsugtig, heerssugtig, meinedig, gierig, onbarmhartig, onverskillig vir al die ware en goddelike, gevoelloos teenoor armes en lydendes en begerig na al die genot van die wêreld maak,** kan hy die slegte pogings van die satan ook altyd die hoof bied, omdat die satan net op die ontvanklikheid van die siel kan inwerk, **maar nooit haar wil kan beïnvloed nie.**

[5] Ek het julle nou dan ook die kenmerke genoem waaraan jy, as jou siel daardeur besluip word, maklik kan herken wat vir `n gees homself in jou nabyheid bevind en wat sy bedoeling met jou is.

[6] As julle so iets by julleself opmerk, dink dan aan My leer en My woorde; verhef jou siel en doen juis die teendeel van dít waarna jy hunker, dan word jy meester van die bose gees! En as julle hom op al die genoemde punte oorwin het, dan sal hy jou daarna volledig met rus laat en jy sal nie meer met hom hoef te veg nie. Maar as jy jou op een of ander punt laat vang of ook maar net `n bietjie ligsinnig aan iets toegee, dan raak jy hom tot aan jou aardse lewenseinde nie maklik weer kwyt nie.

[7] Let dus baie noukeurig op al die punte wat Ek jou nou genoem het! Want as die bose dit in `n bepaalde siel eenmaal sover gebring het - wat regtig nie soveel moeite vir hom is nie - dat die siel op die een of ander van die genoemde punte uit eie wil toegee, waaruit dan natuurlik `n sonde ontstaan, dan verg dit baie stryd om die skade aan die siel weer volkome te herstel.

[8] Maar wie die vaste wil het en self soveel doen as wat hy maar kan, **en in die gees sy swakheid in My hande gee,** dié sal dan ook maklik `n algehele oorwinning oor die satan behaal; maar, dink daar goed aan, **slegs as hy met `n lewende geloof My Naam aanroep**.

[9] Nou weet julle alles wat julle moet weet; julle ken die egte en alleen ware, lewende Elohim en julle ken nou Sy wil.

[10] Ek sê vir julle: die Vader in die hemele het julle alles gegee wat julle nodig het; nou kom dit vir julle daarop aan hoe **pligsgetrou** julle dit sal gebruik vir die ware en ewige welsyn van julle lewens.

[11] Van julle eie doen en late sal dit afhang **en julle woorde en dade sal julle regter wees!"**

[12] "Philopold, bly jy nog drie dae hier en probeer alles in orde te kry; kom daarna na Kis, waar jy My sal aantref."

[13] Philopold beloof om dit te doen; daarop seën Ek die plekkie en ons gaan weer na Kis terug.